# Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Gesag

## Markus 9:35

*Jy weet wanneer iemand "rang wil trek" of baas wil speel. Gesag is net mooi die teenoorgestelde van selfopgelegde mag en reg oor ander en hulle besittings. Mag se belang lê nie by die ander nie maar by homself.*

*Gesag sorg vir die beskerming en versorging van mense en hulle behoeftes.*

*Gesag vra verantwoordelikheid teenoor mense en rekenskap aan God.*

*Die gesagsvraag is 'n fundamentele saak waarmee elke persoon, veral die gelowige, gekonfronteer word. Die belangrikheid daarvan kan nie oorskat word nie. Elke persoon het 'n gesag in die lewe waaraan hy of sy ondergeskik is, nie deur dwang nie, maar deur oortuiging.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

***Definisie:***

*die mag wat jy het as gevolg van jou amptelike posisie of omdat jou kennis en ervaring gerespekteer word deur ander.*

*(Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Leefkuns

## Gesag

*Lees vers 33-37. Waarneming: In die oorspronklike Aramese taal waarin Jesus gepraat het, kan dit nuttig wees om aan te dui dat die woord "kind" en "dienskneg" eintlik dieselfde woord is.*

*Wat openbaar dit aan die dissipels ten spyte van wat hulle moes geleer het uit die ervaring en lering van die transfigurasie en die genesing van die seun?*

*Wat was die basiese aard en rol van 'n kind in Jesus se dag gewees?*

*Wat was die basiese aard en rol van 'n dienskneg in Jesus se dag gewees?*

*Watse aspek van Christus se liefde spreek dit aan?*

*Lees verse 38-41. Wat is veral ironies aan die persoon wat Johannes wou teregwys?*

*Wat is die eintlike probleem met die bewering van Johannes?*

*Hoe bevestig Jesus wat dit die probleem is met die bewering van Johannes?*

*Van watse aspek van Christus se liefde praat dit?*

Quellerina Gemeente